

Die klimaks! (OP113)

Heb 12:18-24

15 Januarie 2023

Sedert Hebreërs 10 het ons gesien gelowiges mag uitsien om met vrymoedigheid in die Allerheiligste van die ware tabernakel in te gaan langs die nuwe lewende weg wat Jesus vir ons geopen het, maar dan moet hulle volhard in die geloof. Hierdie volharding in die geloof is 'n wedloop waaraan die gelowiges met volharding moet deelneem. Die wedloop is 'n stryd en dit word ook gekenmerk deur die feit dat die Here die gelowiges in liefde tug. Laasweek het ons in Heb 12:12-17 gesien dat die gelowige op drie areas moet fokus tydens hierdie stryd: (1) Hulle moet die slap hande en lam knieë optel en die pad waarop hulle is, reguit maak deur Jesus in die oog te hou. (2) Hulle moet streef na vrede met alle mense, asook na heiligmaking, waarsonder niemand God sal sien nie. (3) Hulle moet toesien dat niemand met die genade van God speel nie, en ook dat niemand hulle skuldig maak aan goddeloosheid nie.

Dit bring ons by Heb 12:18-24, die gedeelte wat ons vandag wil oordink. Baie skrywers het al geredeneer hierdie verse is die hoogtepunt van die hele Hebreërboek, en ek dink heeltemal tereg so. In 'n sekere sin het ons in hierdie verse 'n samevatting van die lering wat die skrywer tot dusver behandel het. Ons sou ook kon sê hierdie is sy oorkoepelende gevolgtrekking. Soos ons sal sien wanneer ons na die detail kyk, gebruik die skrywer baie van die argumente wat hy vroeër in die boek gemaak het, en hy skep 'n beeld wat eenvoudig verstommend is. Ek is seker ons gaan nie die diepte hiervan vandag uitput nie. Hoe meer jy hieroor dink, hoe meer sien jy raak. Toe ek oor hierdie paar verse begin lees het, het die gedagte by my opgekom: ek verstaan wat die Emmausgangers bedoel het toe hulle gesê het hulle harte het warm geword toe Jesus vir hulle verduidelik het hoe die Skrif op Hom van toepassing is. Nie net trek die verse die boodskap van die Hebreërboek saam nie, dit leer ons baie van die verband tussen die ou en nuwe verbond, en siende dat die verbond 'n sentrale deel uitmaak van God se openbaring aan die mensdom, leer hierdie paar verse ons baie van God en Sy werk.

Voor ons na die detail van die verse begin kyk, wil ek jou net weereens herinner aan wie die eerste lesers van die brief was. Die Hebreërs was van Joodse afkoms, maar hulle het hulle tot die Christelike geloof bekeer. As gevolg van druk van die Jode, het hulle egter begin twyfel of hulle moet volhard in die Christelike geloof – miskien moet hulle maar terugkeer na die Joodse geloof. Deur die loop van die boek het die skrywer telkens uitgewys hoekom die Christelike geloof uitstyg bo die Joodse geloof. In hierdie paar verse is sy finale argument oor hoe tragies dit sou wees as hulle wel sou terugkeer.

Hierdie gedeelte bevat twee baie duidelike gedeeltes:

- Verse 18-21: Beskryf waarby die Hebreërs nie aangekom het nie – hulle het nie by 'n tasbare berg gekom nie.
- Verse 22-24: Beskryf waarby die Hebreërs wel aangekom het – hulle het by die berg Sion gekom.

As ons hier lees van “aankom”, verwys dit na daardie gebeure in die verlede toe die Hebreërs tot die Christelike geloof gekom het. Beide verse 18 en 21 gebruik “aankom” in die verlede tyd. Dit was dus toe hulle tot die Christelike geloof gekom het, dat hulle nie aangekom het by 'n tasbare berg nie, maar wel aangekom het by Sion.

Julle het nie by die tasbare berg Sinai aangekom nie (Heb 12:18-21)

Lees verse 18-21. Vers 18 in die DAV sê die Hebreërs het nie aangekom by iets tasbaars nie – daar word nie gesê dat hulle nie by 'n tasbare berg gekom het nie. As jy die OAV of NAV lees, word daar wel gesê hulle het nie by 'n tasbare berg gekom nie. Die beste oorspronklike manuskripte laat egter die term “berg” weg. En natuurlik word daar ook nêrens spesifiek gesê dat die berg die berg Sinai is nie. Maar die inhoud van hierdie paar verse maak dit baie duidelik dit verwys na die gebeure destyds by die berg Sinai, pas nadat die Here die volk uit Egipte verlos het, waar Hy die Sinaiverbond, oftewel die ou verbond, met hulle gesluit het. Al die kommentare wat ek lees, stem saam hieroor.

Kom ons gaan terug na daardie gebeure. Lees Eks 19:10-22. In vers 10-11 lees ons dat die volk hulle moes heilig in opdrag van die Here, want op die derde dag sou die Here voor hulle oë op die berg neerdaal. Vers 14 beskryf hulle het dit inderdaad gedoen: Hulle het hulle klere gewas, en het hulle tydelik daarvan weerhou om naby vrouens te kom. Vers 22 voeg selfs by dat die priesters wat gewoonlik tot die Here nader, hulle moes heilig. Kan ek jou herinner aan wat ons laasweek in Heb 12:14 geleer het: Een van die areas waarna die Hebreërs, en dus ons as gelowiges, moet streef is heiligmaking – want daarsonder sal niemand God sien nie. Dit was ook al die geval by Sinai: die Here was op die punt om Sy volk te ontmoet, en daarom moes hulle hulleself heilig – daarsonder kon hulle God nie sien nie. Maar selfs na hulle hulle geheilig het, was daar steeds 'n verbod op die volk om aan die berg te raak – dit was so streng dat enigeen wat hom hieraan skuldig sou maak en aan die berg sou raak, doodgemaak moes word (Eks 19:12-13).

In verse 16-19 lees ons van die gebeure tydens die verskyning van die Here op die berg. Daar was donderslae, weerlig en 'n swaar wolk het oor die berg gehang. Daar was die harde geluid van 'n ramshoring. Die hele berg was in rook gehul, want die Here het in vuur op die berg neergedaal. Die hele berg het hewig geskud. Die ramshoring se geblaas het al harder geword, en toe Moses met God praat, antwoord God hom – met 'n donderslag! Geliefdes, kan jy jou die gesig indink: die hele berg in 'n rookwolk gehul, die hele berg skud, daar is donderslae en weerlig, 'n al hoe harder geblaas van die ramshoring. God daal neer in vuur – en dan praat Hy – met 'n donderslag! As die volk dit sien, bewe hulle.

Wat is dit wat God gesê het? Hy kondig Sy wet aan – die tien gebooie (Eks 20:1-17)! Te midde van hierdie ontsagwekkende verskyning van die majesteit en heerlikheid van God, kondig God Sy wet aan sy volk aan. Nadat dit vir hulle duidelik op die hart gedruk is dat hulle hulle moet heilig, want hulle gaan die heilige God ontmoet, kom die Here God en kondig sy wet aan – hier is God se standaard vir 'n heilige lewe.

Lees Eks 20:18-21. Die hele volk was bang, en het gebewe. Hulle het Vir Moses gesê: “Praat u met ons, en ons sal luister. Maar God moet nie met ons praat nie, sodat ons nie sterf nie.” Sien jy dit? Toe die volk gekonfronteer is met die grootheid en die heerlikheid van God, en toe hulle hoor hoe God van hulle verwag om heilig te lewe, het hulle vir 'n tussenganger tussen hulle en God gevra. Vers 20 is 'n baie belangrike vers: Moses sê vir die volk: God het Hom aan hulle geopenbaar om hulle te toets – sodat ontsag vir God voortaan deel van hulle lewe sal wees en sodat hulle nie voortaan sal sondig nie. Ons kom netnou terug hierna.

Kom ons lees weer Heb 12:18-21. Ek vertrou die ooreenkoms tussen Eks 19/20 en hierdie verse is duidelik. Ek vertrou dat al noem Heb 12 nie spesifiek die berg Sinai nie, is dit duidelik Heb 12:18-21 verwys na die gebeure by Sinai. Let op: Vers 21 sê spesifiek dat die verskynsel so angswekkend was, dat selfs Moses gesê het: “Ek is beangs, en ek sidder!” Ons lees egter nie in Eks 19/20 dat Moses hierdie woorde geuiter het nie. Daar was egter twee ander geleenthede waar Moses wel beangs was. Ons lees in Hand 7:32 in Stefanus se toespraak dat met die verskyning van die Here aan Moses in die brandende bos, het Moses begin bewe en nie gewaag om na die bos te kyk nie. Ons lees ook in

Deut 9:19 dat Moses sê hy het gevrees vir die toorn en woede van die Here tydens die gebeure rondom die goue kalf. Maar miskien is die eenvoudigste verduideliking vir die woorde in Heb 12:21 dat Moses ingesluit was in Eks 19:16 en 20:18 wat sê die hele volk, dus insluitend Moses, was bang en het gebewe.

Kom ons besin vir 'n wyle vanuit 'n openbaringsgeskiedenis perspektief oor die betekenis van wat destyds by Sinai gebeur het. Natuurlik is dit so dat hierdie gebeure deel was van die sluiting van die Sinaiverbond (kyk maar na Eks 24). Ons het al dikwels in die verlede daarna verwys dat die Ou Testamentiese verbonde wat God sedert die sondeval gesluit het 'n eenheid vorm – dit is die verbond na die sondeval, die verbond met Noag, Abraham, Sinaiverbond en die Dawidverbond. Maar terwyl die verbond met Abraham byvoorbeeld spesifiek 'n ewige verbond genoem word, is die Sinaiverbond juis die deel van God se verbonde waarna verwys word as die ou verbond, en wat later vervang sou word met die nuwe verbond. 'n Mens sou die vraag kon vra hoekom het God dit nodig geag dat daar eers 'n ou verbond moes wees, wat later vervang sou word met 'n nuwe verbond. Hoekom het God nie direk na die sondeval die nuwe verbond ingestel nie? Dit is hoekom ek vroeër gesê het Eks 20:20 is so belangrik – hier word die rede gegee: "... dit is om julle te toets dat God gekom het, sodat die ontsag vir Hom deel van julle lewe sal wees en julle nie sondig nie". Kom ons besin hieroor.

Kan ek vir jou 'n paar ironiese aspekte uitwys van die gebeure by Sinai:

- 'n Mens sou verwag het hierdie moes 'n groot en vreugdevolle dag gewees het: God het sopas Sy volk verlos uit Egipte. En nou gaan God kom en Homself aan hulle openbaar soos wat hulle Hom nog nie tot hiertoe gesien het nie. Kan jy jou die afwagting in die kamp voorstel – drie dae lank berei die volk hulle voor: hulle klere word gewas, hulle heilig hulle, hulle fokus is op die koms van die Here. Is dit nie wat ons almal na smag nie – om die Here te sien nie? Selfs Moses het daarna gesmag. En nou gaan hulle die geleentheid kry! En toe kom die dag. Hulle was nog in die kamp, toe bewe hulle egter al van vrees. En toe hulle aan die voet van die berg staan en hulle sien die weerlig en die verskyning van die Here in die rookwolk en vuur, hulle hoor die donderslae en die ramshoring se geblaas, en hulle sien en voel hoe die hele berg skud, word die vrees net meer. En toe God praat, praat Hy met donderslae. En Hy kondig Sy wet aan, Sy verwagting van heiligheid. Wat 'n dag van vreugde moes wees, word 'n dag van vrees. Wat 'n dag moes wees waarop die volk nader aan God moes kom, word 'n dag waarop hulle vra dat Moses as tussenganger tussen hulle en God moet wees. Hulle vra vir afstand tussen hulle en God.
- Die Hebreërskrywer beskryf die berg as tasbaar – maar alles in Eks 19/20 wys daarop dat die volk verbied was om daaraan te raak.
- Die volk het hulle vir drie dae lank geheilig, sodat hulle gereed kon wees om God te ontmoet. Hulle het gedoen wat hulle kon – hulle klere gewas, hulle onthou van vrouens, selfs die priesters het hulle geheilig. Maar toe die Heilige God afkom na die berg, beteken al hierdie heiligmaking niks. Hulle het gehoor wat God in die 10 gebooie aankondig, en moes besef fisiese skoon klere help niks vir heiligheid voor die Heilige God nie. Hulle skram eerder weg, en vra Moses moet tussenganger wees tussen hulle en God.

En dit is die punt van Eks 20:20 – Die Here het dit alles laat gebeur sodat die volk ontsag, of vrees, vir God sou ontwikkel, sodat hulle kon leer hoe heilig Hy is, sodat hulle kon leer wat Sy standaard vir heiligheid is, sodat dit hulle sal aanspoor om nie te sondig nie. En die volk het geleer, hulle het besef hoe ver hulle tekort skiet. Hulle het oombliklik besef: In God se teenwoordigheid kan ons nie kom nie, hier help al ons heiligmaking niks nie. Hulle het 'n tussenganger nodig. God se doel met die

Sinaigebeure, ja, God se doel met die ou verbond, was om die volk, en ook ons, te leer hoe heilig Hy is, en dat Hy volmaakte heiligheid verwag. Terselfdertyd moes die volk, en ook ons, leer dat ons eie heiligmaking pogings futiel is, en dat ons 'n Tussenganger, oftewel 'n Middelaar, nodig het. Dit is verstommend: die volk self het tot die gevolgtrekking gekom – hulle het 'n Middelaar nodig. Dit is die doel met die ou verbond! Natuurlik is daar baie meer detail in die ou verbond wat ons meer leer oor presies hoe hierdie Middelaar sou lyk en wat Hy sou kom doen. Ek hoop die punt is duidelik: die doel met die ou verbond was nie dat die volk deur wetsonderhouding hulle saligheid moes bewerk nie, en omdat dit nie gerealiseer het nie, het God later die nuwe verbond ingestel nie. Nee, die doel met die ou verbond was dat ons sou leer hoe heilig God is, dat ons nie self by God se heilige standaard kan uitkom nie, dat ons 'n Middelaar nodig het, en ook hoe so 'n Middelaar sou lyk. In die nuwe verbond kom hierdie Middelaar.

Begryp jy die punt van die Hebreërskrywer? Hebreërs, en Nuwe Testamentiese gelowiges: toe julle tot geloof gekom het, het julle nie by Sinaiberg gekom nie! Nee julle het by iets veel heerliker gekom!

Julle het by die berg Sion aangekom (Heb 12:22-24)

Lees Heb 12:22-24. Vers 22 sê die Hebreërs, en dus ook ons as gelowiges, het wel aangekom by die berg Sion. In 2 Sam 5:6-7 lees ons van Dawid wat die stad Jerusalem ingeneem het. Daar staan: “En tog het Dawid die vesting van Sion, dit is die stad van Dawid, ingeneem”. Jerusalem en Sion verwys dus na dieselfde plek. Die stad Jerusalem is gebou op die berg Sion. Ons weet ook dat Jerusalem 'n belangrike stad vir die volk was. Nie net was dit die Dawidstad nie, dit was ook die stad waarin Salomo die tempel gebou het. Omdat die tempel in Jerusalem, of Sion, was, het dit beteken dat die volk met groot vreugde vir die jaarlikse feestye opgegaan het na Jerusalem. Lees Ps 48:2-4. Sion en Jerusalem is duidelik dieselfde plek, en dit is geassosieer met God se woonplek onder die volk, immers was die tempel daar.

As Heb 12:22 sê: “Nee, julle het aangekom by die berg Sion, die stad van die lewende God, by die hemelse Jerusalem”, dan moet ons dus verstaan dat aldrie hierdie terme verwys na dieselfde plek. Maar ons moet ook verstaan dit verwys nie na die fisiese berg Sion, of die fisiese stad Jerusalem wat steeds vandag in die land Israel in die Midde-Ooste te vind is nie. Nee, hier word spesifiek gepraat van die hemelse Jerusalem. Duidelik is hier 'n onderskeid: hulle het nie gekom by die tasbare berg Sinai nie, maar by 'n hemelse Sion of Jerusalem. Om dit behoorlik te verstaan, moet ons na 'n paar ander Skrifgedeeltes kyk:

- Ons lees in Op 14:1 – “Toe het ek gesien, en kyk, die Lam staan op die berg Sion, en saam met Hom is daar 144 000 mense met Sy Naam, en ook Sy Vader se Naam, op hulle voorkoppe geskryf”. In vers 3 word gesê die 144 000 mense is mense wat van die aarde losgekoop is. Ons kan nie nou op al die detail ingaan nie, maar die punt is dat die 144 000 die gelowiges is wat op Sionsberg saam met die Lam bymekaar kom nadat hulle hier op aarde gesterf het.
- In Op 21:1-3 lees ons van die nuwe hemel en aarde, en dan: “En ek het die heilige stad, die Nuwe Jerusalem, van God af uit die hemel sien neerdaal. Sy is gereedgemaak, soos 'n bruid wat versier is vir haar man”. Dan kondig 'n harde stem uit die hemel aan: “Kyk, God se woonplek is by die mense. En Hy sal by hulle woon.” Weereens kan ons nie op al die detail ingaan nie, maar die nuwe Jerusalem is die gelowiges. En wanneer die stad, die gelowiges, uit die hemel neerdaal, kom God by hulle woon. Maar God het tog in die Ou Testament in die tempel in Jerusalem gewoon. Wel, Openbaring leer ons dat daar nie 'n tempel in die

nuwe Jerusalem is nie – en tog woon God daar in Jerusalem – wat die gelowiges is. Dit strook natuurlik met die Nuwe Testament wat ons leer die gelowiges is God se tempel.

Die punt van die Hebreërskrywer is dat sy lesers, en dus ons, toe ons tot geloof gekom het, deel gekry het aan Sion en Jerusalem, ons het deel geword van die gemeenskap van gelowiges wat nadat hulle hier sterf op aarde, op Sionsberg as deel van die 144 000 by die Lam bymekaar kom, en wat deel sal wees van die nuwe Jerusalem wat aan die einde na die nuwe aarde sal neerdaal – en waar God by hulle sal woon. Ja, die Hebreërs is nog in hierdie lewe hier op aarde, maar hulle het reeds deel geword van hierdie gemeenskap van gelowiges.

Vers 22 voeg by: Hulle het aangekom by tienduisende engele. Onthou jy Op 5:11 as deel van daardie hemelse troonvisioen wat Johannes gesien het? Daar lees ons: “Toe ek weer kyk, hoor ek die sang van baie engele rondom die troon, en van die lewende wesens en die ouderlinge. Daar was tienduisend maal tienduisende, duisend maal duisende”. Daar is dus ‘n skare engele om God se troon, en hulle neem deel aan die lofprysing van God in die hemel. Maar in Heb 1:14 het die skrywer aan sy lesers gesê: Hierdie engele is almal dienende geeste, wat uitgestuur word ter wille daarvan om hulle wat die verlossing beërf, by te staan. Hebreërs en Nuwe Testamentiese gelowiges: Toe julle tot geloof gekom het, het God tienduisende engele, wat normaalweg rondom sy troon is, van tyd tot tyd uitgestuur om julle by te staan. Hoe bemoedigend is dit!

Vers 22-23 voeg by: Julle het gekom by die feestelike byeenkoms en ‘n gemeente van eersgeborenes wat opgeteken is in die hemel. Wie is dié Eersgeborene? Natuurlik Jesus. Dit is hoe die Hebreërskrywer Hom in Heb 1:6 beskryf het. In Kol 1:15 lees ons: “Die Seun is die beeld van die onsigbare God, die Eersgeborene van die hele skepping”. Natuurlik is Jesus nie die eerste Een wat gebore is nie – maar Hy is wel eerste in die sin dat Hy die hoogste en die belangrikste van alles in die skepping is. Kol 1:18 sê Hy is die Eersgeborene uit die dood, sodat Hy in alles die eerste plek kon inneem. Hebreërs en Nuwe Testamentiese gelowiges: Julle het deel geword van hierdie gemeente van eersgeborenes. Wat nog meer is, is dat julle opgeteken is in die hemele. Ja, julle is nou nog hier op aarde, maar julle is reeds in die hemel opgeteken – daarom is daar geen kwessie of julle ook deel is van hierdie gemeente van eersgeborenes nie. Onthou wat Jesus aan die gemeente in Sardis geskryf het: “Wie oorwin, sal net so wit klere kry om aan te trek, en Ek sal sy naam nie uit die boekrol van die lewe skrap nie, maar voor my Vader en Sy engele oor hom getuig.” (Op 3:5)

Vers 23 voeg by: En julle het aangekom by God, die Regter van almal. Geliefdes, onthou wat by Sinai gebeur het: Toe God Hom aan die volk geopenbaar het, was die effek dat hulle bang geword het en gebewe het. Hulle wou net wegskarrel, hulle het gevra dat Moses met God moet praat namens hulle. Maar nou dat die Hebreërs tot geloof gekom het, is die resultaat heel anders. Hulle het aangekom by God. Nog heerliker as dit: hulle het aangekom by God wat die Regter is van almal! Dit was juis God se heiligheid en hulle gebrek aan heiligheid wat veroorsaak het dat die volk destyds afstand tussen hulle en God wou sien, want hulle het verstaan God gaan oor hulle oordeel, Hy gaan daardie wet wat Hyself aangekondig het, gebruik as maatstaf, en hulle gaan ver tekort skiet. En boonop het hulle pogings tot heiligmaking niks gehelp nie. Maar, Hebreërs en Nuwe Testamentiese gelowiges, julle het gekom by God – selfs by God as die Regter van almal!

Vers 23 sê ook nog: Julle het gekom by die geeste van die regverdiges wat vervolmaak is. Kan jy jou indink hoe verstom die volk by Sinai sou wees om te hoor daar is regverdiges wat vervolmaak is, m.a.w. daar is regverdiges wat volmaak aan God se verwagting in terme van heiligheid voldoen. God as Regter het geoordeel dat hulle volmaak is. Daarom kan hulle op Sionsberg bymekaarkom, en daarom is hulle deel van die nuwe Jerusalem. En, Hebreërs en Nuwe Testamentiese gelowiges, julle het ook aangekom en deel geword van die geeste van hierdie mense wat vervolmaak is!

En dan voeg vers 24 by: Julle het aangekom by Jesus, die Middelaar van 'n nuwe verbond! Hoe is dit moontlik dat hulle en ons aangekom het by Sionsberg, by die hemelse Jerusalem? Hoe is dit moontlik dat hulle en ons deel geword het van die gemeente van eersgeborenes wie se name in die hemel opgeneem is? Hoe is dit moontlik dat hulle en ons by God kon kom? Hoe is dit moontlik dat daar regverdiges is wat deur God as Regter as volmaak bevind is? Hoe is dit moontlik dat hulle en ons ook volmaak bevind sal word? Want hulle en ons het aangekom by Jesus, die Middelaar. Nie by Moses vir wie die volk by Sinai gevra het as middelaar nie. Nee, soos Heb 3:5-6 beskryf het: "Moses was wel as tempeldienaar getrou in God se hele huis, tot 'n getuienis van wat verkondig sou word, maar Christus was as Seun getrou oor Sy huis, en ons is Sy huis as ons bly vashou aan die vrymoedigheid en hoop waarop ons ons beroem". Nie by Moses wat middelaar van die ou verbond was nie. Nee, soos Heb 8:6 beskryf het: "Maar nou het Jesus 'n meer verhewe bediening verkry, in die sin dat Hy ook Middelaar is van 'n uitnemender verbond, wat op grond van uitnemender beloftes regs geldigheid verkry het". Moses en die ou verbond het heengewys na die ware Middelaar van die nuwe verbond. En julle, Hebreërs en Nuwe Testamentiese gelowiges, het by Hom aangekom.

Julle het ook aangekom by Sy bloed wat gesprinkel is. Ja, julle het nie aangekom by die offers van die ou verbond nie. Soos Heb 10:11-12 gesê het: "Elke priester staan wel dag vir dag en diens doen, en bring oor en oor dieselfde offers wat nooit in staat is om sondes weg te neem nie; maar toe Christus vir altyd een offer ter wille van sondes gebring het, het Hy aan die regterhand van God gaan sit." Vers 14 voeg by: "Want deur een offer het Hy hulle wat geheilig word, vir altyd vervolmaak". Anders as Abel se bloed wat geroep het om vergelding toe dit gevloei het, het hierdie bloed van die Middelaar van die nuwe verbond juis versoening bewerk en lewe gewek. Hebreërs en Nuwe Testamentiese gelowiges, julle het by Sy bloed aangekom – en daarom het julle deel aan die gemeenskap van ware gelowiges.

Opsomming

Dit is belangrik dat ons onthou dat die God wat destyds op die berg Sinai neergedaal het, en wat soveel vrees by die volk ingeboesem het, dieselfde God is wat die Hebreërs gedien het, en is steeds presies dieselfde God wat ons dien. Hy is nie minder heilig nie, Hy is nie minder ontsagwekkend nie, en Hy is nie minder ernstig oor sonde nie. God wil steeds, soos wat Hy destyds die volk by Israel geleer het, dat ons ontsag en vrees vir Hom sal hê. Hy wil dit hê, want Hy is dit waardig.

Maar selfs die gebeure by Sinai was 'n genadehandeling van God, en die Sinaiverbond was 'n genadeverbond – want God het dit daar baie duidelik gemaak hoe heerlik en heilig Hy is. Hy het die volk by die punt gebring dat hulle self erken het hulle het 'n Middelaar nodig. Hy het in die ou verbond vir ons gewys hoe hierdie Middelaar sou lyk. En toe, in die volheid van die tyd, het die Middelaar van die nuwe verbond gekom – dit is Jesus, die Christus. Die geregtigheid wat Hy deur Sy eenmalige offer bewerk het, was volmaak. En daarom kom diegene wat in Hom glo, nie aan by die berg Sinai wat die nood aan 'n Middelaar uitwys nie, nee, hulle kom aan by Sionsberg wat die resultaat is van Sy Middelaarswerk. En hierdie resultaat is eenvoudig verstommend: Gelowiges word deel van die hemelse Jerusalem. Hulle word deel van die gemeenskap van eersgeborenes wat al deur die loop van die eeue geleef het en nog sal leef. Hulle het sekuriteit, want hulle name is in die hemel opgeteken. Hulle het die versekering dat God tienduizende engele gebruik om hulle by te staan. Maar nog meer verstommend: Hulle word versoen met God – daardie ontsagwekkende en absoluut heilige God wat op Sinaiberg verskyn het, daardie God wat Regter is oor almal en absoluut regverdig oordeel. En dit alles word bewerk deur die Middelaar van die nuwe verbond.

Hebreërs, wil julle werklik dit alles prysgee en terugkeer na die Joodse geloof? Wil julle werklik teruggaan na Sinai toe en weer in vrees voor God leef? Nuwe Testamentiese gelowige: verstaan jy hoe bevoorreg ons is? Verstaan jy hoe heerlik ons verlossing is? Prys Hom wat dit alles bewerk het!